KAMPVUURSTORIES – Andre Rossouw

"Kampvuurstories" is 'n program waarmee ons verskillende mense, veral in die Laeveld, se stories, lewensverhale, stokperdjies, grappies, ens. met die luisteraar deel met eerstens die doel om te vermaak en tweedens om interessante inligting oor te dra, veral dit wat agter die skerms vir Jan Alleman gebeur. Dit word ook informeel gehou en 'n denkbeeldige prentjie word geskep (die luisteraar moet op 'n verbeeldings reis kan gaan) van 'n tipiese geselsie om 'n vuurtjie, op so 'n wyse dat dit die belangstelling van die luisteraar behou. Daar word darem ook bietjie musiek gemaak om kleur aan alles te verskaf.

Gedurende September 2003 loop ek 'n ou vriend, Lappies Labuschagne, by 'n lentes kou raak waar hy en Martin Jansen 'n stalletjie van Radio Laeveld beman. Die radiostasie was toe so om en by vier maande oud. Omdat hy weet ek kom daar uit Upington se wêreld het hy sommer aangeneem ek is ook 'n storieverteller. Na 'n bietjie oortuiging oorreed hy my om 'n paar verhaaltjies te kom deel op 'n program wat hy van die grond af probeer kry, met die naam "Kampvuurstories". Die luisteraars was op daardie stadium maar baie selektief en die posisie van die sender wat gebruik is het bygedra dat die opvangs baie swak was veral in die Nelspruit omgewing. Nietemin was die terugvoer van die eerste "Kampvuur storie" waaraan ek deelgeneem het so positief dat Lappies my weer genooi het om die daaropvolgende Saterdag deel te neem. Die volgende week het Martin Jansen my geskakel en gevra of ek die program sal aanbied, daar was natuurlik geen vergoeding daarvoor nie.

Na vele oortuiging het ek ingestem om sonder enige vorige ondervinding dit aan te pak, slegs as dit 'n vooraf opgeneemde program is aangesien die risiko net te groot is dat jou gas dalk nie opdaag nie en dan sit jy met 'n bek vol tande en die program verloor sy geloofwaardigheid. Ek wil ook net eers 'n reeks van 13 programme doen en daarna die opsie behou om aan te gaan of nie.

Ek en myself het natuurlik in 'n hewige dinkskrum ingegaan om idees te genereer en geskikte persone te identifiseer wat aan die vereistes voldoen. Vriende en kennisse asook hulle vriende en kennisse sou die eerste "gaste" wees. 'n Vriend, Tobie de Klerk, op daardie stadium die voorsitter van Nelspruit Rugbyklub, stel my voor aan 'n oud Springbok rugbyspeler, Willem Stapelberg. Ons bespreek 'n bietjie hoe ons die inhoud wil rangskik en op 3 Januarie 2004 word die eerste program uitgesaai.

Nog 'n vriend, Koos du Plessis, stem in om 'n huldeblyk te doen aan sy neef, die sanger en liedjieskrywer Koos du Plessis. Die opname verloop glad, maar voor ons nog die ateljees verlaat storm Jimmy Williams, die klank ingenieur, agter ons aan ….. hy weet nie wat gebeur het nie, maar die hele opname het verdwyn. Ons moes dit maar op 'n latere geleentheid weer doen.

Nog 'n vriend stel my voor aan 'n man met die naam Karel de Beer. Hy reël blykbaar een keer per maand 'n bring en braai by Primkop dam en is vol stories. Die dag met die opname het 'n somer griep my beetgepak en ek kon behoorlik nie praat nie, tog het ons deurgedruk en kan ek sê ek en Karel is vandag nog vriende en hy het reeds by vier verskillende geleenthede as gas opgetree.

Daar was toe nog weermag stories, verskillende beroepe, nog rugby saam met Darius Botha en selfs 'n ernstige program oor die vervolging van die Christelike kerk in die wêreld, 'n volle 13 programme. Dan was daar ook die uitdaging om elke keer musiek te kry wat binne die tema pas sonder om dieselfde liedjie weer te gebruik.

Gedurende hierdie 3 maande het "Kampvuurstories" vele mylpale vir Radio Laeveld bereik. Dit was die eerste program waar die Saterdag program herhaal is, op 'n Dinsdag. Dit was die eerste program wat program borge gehad het. Dit was die eerste program wat 'n program advertensie gedurende die week gehad het om die gas en die tema van die daaropvolgende Saterdagaand bekend te stel.

Hoewel dit een van my grootste lekkertes was, het omstandighede my egter genoop om nie voort te gaan nie en het ek gevra om ‘n bietjie af te lê. Gelukkig het ek aangedring dat ek elke keer ‘n kopie van die program te kry. Ek het dit toe goedgedink om uit die 13 programme nog 2 programme met hoogtepunte saam te stel, ‘n tradisie wat vandag nog voortleef.

Sedert ek weg is, het daar toe ‘n totale nuwe bestuur by die radiostasie begin, dit het baie meer professioneel geword, die sein/ontvangs het drasties verbeter en die kantore het van Witrivier na Nelspruit geskuif. Ek het getwyfel of die program nog goed genoeg sou wees.

Op ‘n dag in 2006 loop ek vir Jimmy Williams in Nelspruit raak en hy nooi my uit om weer betrokke te raak. Met sy invloed oorreed hy die nuwe bestuur, nadat ek van die vorige programme voorgelê het (weereens dankie dat ek dit gehou het), om Kampvuurstories te laat herleef. Eers die ou reeks weer uitsaai (weereens ‘n eerste vir Radio Laeveld) terwyl die nuwe Kampvuurstories vervaardig word. Op 6 Januarie 2007 word Kampvuurstories weer oor die eter gehoor.

Met die nuwe reeks van “Kampvuurstories” het ek besluit om dit steeds in ‘n reeks vorm aan te bied bloot omdat die inhoud van die programme beter gekontroleer kon word. Aan die einde van elke reeks is steeds twee hoogtepunte programme, want dan kan diegene wat iets gemis het darem so ‘n smakie kry. So kon ek in elke reeks ‘n tema van sport, geskiedenis, avontuur, natuur, jag, stokperdjie, beroep, grappige, lewensverhaal of ernstige storie inwerk sodat daar iets na elke smaak is en genoeg afwisseling om nie vervelig te raak nie.

Seder dien het ek reeds die eerste verjaarsdag gevier en 69 gaste gehad met die leuse “Ons sit die hele Laeveld aan die praat”. Hoewel die meeste gaste Laevelders is, jou gewone man op straat, met so ‘n paar baie belangrike persone tussenin, loop ek hier en daar ook iemand raak soos Ben Dekker, akteur uit die vroeër dae met rolprente soos “Die Wild Temmer” en TV reekse soos “Die Vlaktes duskant Hebron”, of iemand soos Mike Schutte, oud bokser wat saam met manne soos Gerrie Coetzee en Kallie Knoetze die verbeelding van baie mense deur die wêreld aangegryp het en natuurlik “Die Weduwee” uit die kader van die Grafsteensangers, Marie-Lee Venter.

Die stories stroom steeds in, van sovêr as Marlothpark, Malelane, Phalaborwa, Barberton en Kaapschehoop. ‘n Ware plesier vir ‘n ou wat ook sommer van die straat af gekom het. Ek beskou myself steeds nie as omroeper nie, maar slegs as fasiliteerder, want “Kampvuurstories” behoort aan die mense so wie weet, dalk is jy volgende keer op Kampvuurstories.

Mooi loop

Op die foto is ek en my seun saam met Ben Dekker.